**LAERSKOOL NORTHMEAD**

**OB 14/2024**
**19 April 2024**

Vanuit die hoof se kantoor:

Geagte Ouers,

## Finansies:

Enige navrae kan aan Me Jackie Venter gerig word: 011 849 7621 of per e-pos: finansies@lsnorthmead.co.za
Ons vra groot asb. dat indien u 'n EFT na die skool se bankrekening doen, u die leerder se NAAM EN VAN & Graad as verwysing sal gebruik. Skoolfonds en naskool moet asb. apart vir ons oorbetaal word.

## Skoolkombersies:

Skoolkombersies vir die winter kan bestel word @R100 'n kombers by Juf Yolande. Kontant met bestelling asb. (GEEN EFT). Soos ons die kombersies ontvang sal dit uitgedeel word aan die leerders.

ONB001 : ONBEKENDE DEPOSITO'S

| | | | |
|---|---|---|---|
| 26/02/2024 | 26020228 | ACB KREDIET VEREFFEN JOHAN P NASKOOL | 640 |
| 25/03/2024 | 25030090 | ACB KREDIET VEREFFEN CAPITEC L SILVERSTEN | 800 |
| 02/04/2024 | 2040144 | DIGITALE BETAAL KT VEREFFEN ABSA BANK SKOOLFONDS MAR 24 | 1782 |

Uitstaande skoolfooie van 2024: Navrae kan aan Me Petro Pike gerig word haar e-pos is as volg: invorder@lsnorthmead.co.za.
Subsidie aansoeke sowel as navrae kan ook by haar gedoen word.







**Die bedrag van die Studiemetodes moet in die skool se bankrekening betaal word met die verwysing kind se naam en graad. Stuur bewys van betaling na elmarie@lsnorthmead.co.za.**

## INTEGRA: AFRIKAANS, ENGELS EN WISKUNDE GRAAD 1 - 7




| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| -Wag: Shaban | -Saal Snr. afdeling: E. Pieters<br>-Opening: Z. Pretorius<br>-Speelgronddiens: Linda, Annemi, Charney, Naudine | -Opening: H. Wiegand<br>-Speelgronddiens: Leonie, Bianca, Shannon, Cobus<br>-BL vergadering 19:00 | -Opening: C. de Jager<br>-Speelgronddiens: Yolande, Elsa, Haidee, Stella<br>-Salarisse gereed<br>**-World book day**<br>-24-27 April ATKV eerste rondte | -Opening: A. de Bruin<br>-Speelgronddiens: Antoinette, Marlize,Zuanda, Zané, Zandri<br>**-Netbal Liga vs Farrarmere weg**<br>**Mini Netbal vs Farrarmere tuis**<br>**-Rugby vs Aston Manor tuis** | -Opening: Y. Burr-Dixon<br>-Bestuursvergadering: 07:15<br>-Speelgronddiens: Maruschka, Chantel, Robbie, Jonny<br>**-Oupa/Oumadag**<br>-Detensie: Bennie<br>-Hokkie 0/10 tot 0/13 proewe<br>*-Me. Alta Fourie verjaar* | Vryheidsdag<br>-Wag: Ken<br>*-Babara Dyssel verjaar* |

## NORRIE VAN DIE WEEK:


| Gr | Naam van Leerling | Gr | Naam van Leerling |
|---|---|---|---|
| 000-0 | Connor Rose | 4 | Kayla Pieterse-Boyle |
| 1 | Lahzé Parsons | 5 | Jayden Woest |
| 2 | Juhano Vermaak | 6 | Emily Londt |
| 3 | Ava de Jager | 7 | Marco Engelbrecht |

























**Redenaars:**

- **ATKV** – inligting is deurgegee. Baie sterkte aan almal wat daar gaan deelneem. Ons is klaar trots op julle!

**RMS:** 6 Mei by ons skool. Briefie volg.

**Koor:** Beide kore is hard aan die oefen. Hou solank die volgende datums oop.

- 1 Junie RMS – Bakenkop
- 2 Junie Allegretto Kunswedstryd

**Kunswedstryd**:

- Inskrywings is nou oop. Kontak asb. die aangewese onderwyser. Sluitingsdatum vir alle inskrywings is 17 Mei. Alle gr 4 – 7 KUNS moet by Juf Haidee ingeskryf word.

**Dramaklub**:
Indien daar ouers is wat nie kennis dra nie, bring ons dit net onder u aandag dat Artkloppies dramaklasse by die skool aanbied. Dit vind elke Maandag plaas. Kontak Me. Cloete indien u meer wil weet.

**English Public Speaking Competition**

Die Engels 'Public Speaking Competition' vind plaas op **Woensdag 15 Mei (Juniors) en Donderdag 16 Mei (Seniors) in die saal.**
Die uitdunne vir die kompetisie sal op Donderdag **2 Mei** gehou word.
Leerders moet asseblief hul volledige toespraak saambring skool toe op die dag en hul moet ten minste die inleidende paragraaf van hul toespraak dan al ken.







**Die lengtes van die toesprake is as volg:**
Gr R tot 3:
2 tot 3 minute

Gr 4 tot 5:
3 tot 4 minute

Gr 6 tot 7:
4 tot 5 minute

Die toesprake moet nie langer of korter as die voorgestelde tye wees nie.

**Landloop**

Landloop oefening begin Maandag 22 April 2024 vir Graad 1 tot Graad 7.
Almal is welkom om die voorseisoen bytewoon.

Atlete moet in oefen klere en tekkies skool toe kom en daarna aantrek.

Oefening vind plaas vanaf 6:40 in die oggende.

**Netbal**

Baie dankie aan ons dogters wat hul harte uitgespeel het Donderdag teen Rynfield Primary. Hulle het gewis die Norrie-naam hoog gehou en goeie netbal gespeel. Die uitslae van die wedstryde was as volg:

| **Span** | **O/9A** | **O/9B** | **O/10A** | **O/10B** | **O/11A** | **O/11B** | **O/12A** | **O/12B** | **O/13A** | **O/13B** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Uitslag** | Verloor | Verloor | Wen | Wen | Wen | Wen | Wen | Wen | Verloor | Verloor |

Donderdag 25 April speel ons ligawedstryde teen Farrarmere Primary **op hulle bane**.
Die program is as volg:

| **Tyd** | **Baan 1** | **Baan 2** | **Baan 3** | **Baan 4** | **Baan 5** |
|---|---|---|---|---|---|
| 14:15 – 14:50 | O/9B | O/10B | O/11B | O/12B | O/13B |
| 14:55 – 15:30 | O/9A | O/10A | O/11A | O/12A | O/13A |

Ons vertrek om 13:30 vanaf die skool en vra dat die dogters asseblief van eie vervoer gebruik moet maak. Indien u 'n probleem met vervoer het kontak asseblief u dogter se betrokke afrigters so gou as moontlik.

**Proewe**






**MINI Netbal:**
Dogters wat briefies ontvang het, oefen Maandae tot Donderdae, 13h00 – 14h00. Inligting oor wedstryde sal weekliks volg.

**Hokkie**

Ons hou alreeds proewe vir die hokkie wat in Kwartaal 3 plaasvind. Alle belangstellende o/10 tot o/13 dogters word uitgenooi om Vrydag, 26 April om 14:00 tot 16:00 deel te neem aan die proewe wat op die rugbyveld sal plaasvind. Alle dogters moet hul eie bal en stok saambring vir die proewe. Die hokkie dogters neem deel aan die RMS Toernooi wat op 6 Julie 2024 plaasvind by Hoërskool Delmas.

**Parkrun 2024**

Leerders wat deelneem aan ons jaarlikse parkrun moet asb hul registrasie voltooi op www.parkrun.co.za. Ons gebruik die Homestead, Ebotse of Atlasville parkrun as ons tuis parkrun.
Die dogter en seun wat die meeste parkruns in 2024 kan voltooi, word uitgenooi na die sportprysuitdeling toe.
**Leerders moet asb na elke kwartaal hul getal voltooide parkruns vir Mnr Jonny bring.**

**Gholf**

Oefening vind plaas elke Maandag oggend om 07:30-08:24 op die rugbyveld. Leerders kan dadelik gaan aanmeld vir oefening, leerders kan hul gholfstel in Mnr. Jonny se klas gaan stoor tot huistoe gaan tyd.

**Rugby.**

| Datum: | Opponent / Belangrike byeenkoms: |
|---|---|
| 19-20 April 2024 | Valke streeksproewe |
| 25 April 2024 | **Valkeliga vs Aston Manor Primary (Tuis)** |
| 2 Mei 2024 | **Valkeliga vs Van Dyk Primary (Weg)** |

**Algemene reëlings**

- Ons versoek ook dat so ver as moontlik u seun van eie vervoer sal gebruik maak vir weg wedstryde.
- Al die spelers sal tydens vriendskaplike speeltyd kry, mits hy oefening bywoon.
- Geen alkohol word op die terrein toegelaat nie
- Geen ouers word op die speelveld toegelaat tydens wedstryde nie.

**Valke liga 2024**

Baie geluk aan die rugbyspanne en hul afrigters met hul suksesvolle dag op die rugbyveld teen L/s Delmas. Sterkte met volgende week se wedstryde teen Aston Manor Primary

**Dorpsproewe**

Baie geluk aan die volgende seuns wat vir die Sentraalspan gekies is, die seuns speel in die volgende rondte proewe vir die verskeie Valke spanne: Helmut Hoffman, Lincoln Meyer, Jacobus de Lange, Le Roux Wilken en Michael Cannon
Baie sterkte seuns.




Groete
Mnr F.J. Pieters
Skoolhoof

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY: coolideas FIBRE INTERNET